Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N5

(Tweede Vraestel)

(9090165)

29 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MEDIESE PRAKTYK N5
(Tweede Vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.

2. Beantwoord enige DRIE van die vier vrae in AFDELING B.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Skryf netjies en leesbaar.

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

AFDELING A

Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.

VRAAG 1

1.1 Voltooi die volgende sinne deur 'n term vanuit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

fenielketonurie; Ganser-sindroom; kompulsie; somnambulisme; mikrosefalie; chromosoom; obsessies; hipochondrie; hidrokefalus; jodium

1.1.1 Down-sindroom is weens 'n ekstra ...

1.1.2 Kretinisme kan voortspruit uit 'n tekort aan ...

1.1.3 Dieetbehandeling van ... behels beperking van proteïen-inname.

1.1.4 'n Baba wat met ... gebore word se kop is kleiner as normaal.

1.1.5 ... is 'n abnormale opbou van vloeistof in die brein.

1.1.6 Gedagtes of beelde wat nie wil weggaan nie staan bekend as ...

1.1.7 Om hande herhaaldelik te was, is 'n algemene ...

1.1.8 ... word gekenmerk deur onsinnige antwoorde op vrae.

1.1.9 Slaapwandelary staan bekend as ...

1.1.10 Mense met ... is buitensporig bekommerd dat hulle siek is.

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Sadiste vind plesier daarin om pyn te veroorsaak.

1.2.2 Homoseksualiteit is 'n seksuele aantrekking tot die teenoorgestelde geslag.

1.2.3 Seksuele aantrekking tot lyke staan bekend as nekrofilie.

1.2.4 Afloerders word geprikkel deur op ander se privaat aktiwiteite te spioeneer.

1.2.5 Pedofilie word gedefinieer as aantrekking tot lewelose voorwerpe.

1.2.6 Ekshibisionisme sluit in om jou liggaam aan jou eggenoot te ontbloot.

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

1.2.7 Agorafobie is die vrees vir oop ruimtes.

1.2.8 Akrofobie is die vrees vir spinnekoppe.

1.2.9 Kognitiewe gedragsterapie is 'n doeltreffende behandelingsopsie vir fobies.

1.2.10 Palpitasies word deur angs veroorsaak.

(10 × 2) (20)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE van die vier vrae in AFDELING B.

VRAAG 2

2.1 Gee DRIE straatname vir barbiturate. (3 × 1) (3)

2.2 Gee VIER faktore wat die risiko verhoog om aan alkohol verslaaf te raak. (4 × 1) (4)

2.3 Wat moet 'n mediese sekretaresse in gedagte hou vir die bestuur van wagkamertye? (8 × 1) (8)

2.4 Bespreek die uitwerking van emosionele stres op die vel. (5 × 1) (5)
[20]

VRAAG 3

3.1 Gee TWEE voorbeelde van opiate. (2 × 1) (2)

3.2 Noem VYF eienskappe wat 'n mediese sekretaresse moet openbaar tydens die hantering van pasiënte. (5 × 1) (5)

3.3 Klassifiseer die items in die lys hier onder as motoriese of sensoriese simptome van konversiesteuring:

blindheid; slepende spraak; verlamming; bewerasie; doofheid; sukkel om te sluk; gevoelloosheid; stuiptrekkings

Tabuleer jou antwoord in die ANTWOORDBOEK soos volg:

MOTORIES	SENSORIES

(8 × 1) (8)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

3.4 Som die langtermyneffekte op wat 'n slagoffer van pedofilie as volwassene kan ervaar. (5 × 1) (5)

[20]

VRAAG 4

4.1 Noem SEWE patologiese faktore wat verband hou met geestesgebrek. (7 × 1) (7)

4.2 Wat is die algemene verantwoordelikhede van 'n mediese sekretaresse in die praktyk? (8 × 1) (8)

4.3 Wat kan gedoen word om angs te beheer? (5 × 1) (5)

[20]

VRAAG 5

5.1 Gee SEWE fisiese simptome wat deur die verstand veroorsaak kan word as 'n persoon angstig is. (7 × 1) (7)

5.2 Wat kan 'n mediese sekretaresse doen om veiligheid en sekuriteit in 'n praktyk te help handhaaf? (8 × 1) (8)

5.3 Stel maniere voor hoe om 'n psigopaat in die werksplek te hanteer. (5 × 1) (5)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou